## Oor die stel van dwase vrae

**140** Cyrenius sê: "Meester, ons almal kan U nie genoeg dank vir die oneindig belangrike lesse wat U ons almal nou gegee het nie en ek verstaan nou alreeds aansienlik baie meer! Ook by die laaste verskynsel wat vise-koning Mathaël ons nou opnuut uit sy ryke voorraad ten beste gegee het, bly geen onduidelike sake oor nie; slegs die twee of drie belangrike en magtige engelegeeste wat Lasarus kom haal het, is vir my, wat hul status betref, nog volledig onbekend! Miskien sou ons ten minste hul gewyde name mag hoor en miskien sou ons ook nog iets meer kon verneem oor die betekenis van die terugkoms na sy kinders?! Die verhaal was andersins heel sonderling, hoewel ek, eerlik gesê, nog baie graag sou wou weet hoe en waar die liggaam van die ou Lasarus begrawe is en wat daar later van die klein rabbi geword het. Ook `n nadere toeligting oor die beroemde varingkruie-olie sou bepaald nie ongewens wees nie. Meester, sou U ons daar meer oor wou vertel?"

[2] Ek sê: "Maar vriend, daardie is immers slegs baie onbelangrike bysake, wat vir die geheel eintlik glad nie van belang is nie, omdat hulle daar niks mee te make het nie en daar so goed as geen verband mee het nie! Wat is so belangrik aan die name op sigself van die engelegeeste wat Lasarus tegemoet gekom het?! `n Wetlike reispas het hulle nie nodig nie en `n wêreldse beskermreg ook nie. Waarvoor sou jy dan hul name nodig hê?! Maar omdat jy dit so graag wil weet, dit was die aartsengele Zuriël, Uriël en heel op die agtergrond ook Michaël in die gedaante van Johannes die Doper, oor wie Zinka ons baie vertel het.

[3] Maar daar was nog `n aantal geeste daar aanwesig wat Mathaël nie kon sien nie, omdat hierdie geeste so rein en suiwer is dat hulle nie meer met die oog van die siel gesien kan word nie, maar slegs met die oë van `n gees wat self heeltemal rein is - iets waartoe Mathaël nog nooit in staat was nie. En verder, wat is die belangrikheid van die begrafnis van die liggaam van Lasarus, wat is die belangrikheid van die klein rabbi en wat van die varingkruie-olie, wat wel tetanus (klem in die kaak) ophef en die wurms in die maag dood as dit eg is; maar as dit nie eg is nie, het dit ook glad geen uitwerking nie! Laat ons daarom ophou oor dit wat min of geen nut vir ons kan hê nie en **laat ons daarvoor sorg om slegs ons kennis en ons wete van geestelike sake te vermeerder!**

[4] Vra daarom liewer na iets geesteliks, nog uit die sfeer van dit wat deur Mathaël geestelik gesien is, as na sake wat vir die gees net so onbelangrik kan wees as die sneeu wat duisend jaar voor Adam die woeste streke van die aarde bedek het! Wat materie is en hoe dit ontstaan, bestaan en nog ontstaan is reeds volkome duidelik aan julle uitgelê, en daarom moet ons ons **nou vóór alles alleenlik toespits op die geestelike dinge.** Wat het die mens aan alle kennis en wetenskap in die hele wêreld as hy homself nie tot in die diepste lewenswortel ken nie en dit veral in die lewens- en bestaansfeer van sy siel en sy gees?!

[5] Sal hy ooit waaragtig gelukkig kon wees al besit hy ook alle aardse goedere, as hy hom by tyd en wyle sal moet afvra: 'Wat sal daar na die dood met my gebeur? Sal ek op die een of ander wyse bewustelik verder lewe, of sal dit vir ewig heeltemal met my gedaan wees?' As die bang vraesteller egter geen bevredigende antwoord kry nie, nóg van iemand wat meer ervare is, of nog minder uit die eie duistere, wêreldse lewenskamer waartoe nog nooit `n geestelik lig van die waarheid deurgedring het nie, wat dan? Sal so `n skatryk man wat hom dit ernstig afvra, wel sy groot skatte en rykdom geniet? Dit sal gewis skaars die geval wees as hy hom enigermate bewus is van die liefde vir die lewe! Wat het die mens daaraan as hy alle skatte van die wêreld sou wen, maar skade sou ly aan sy siel?

[6] Daarom weg met alles wat deur roes en motte vernietig kan word! Slegs wat van die gees is, bly vir ewig onveranderlik; alles wat tot die materie behoort, is dikwels nog onderworpe aan tallose veranderinge voordat dit die vlak van die gees sal bereik. Vra daarom na dinge wat die gees en die siel aanbetref, maar nooit na aardse sake nie!" (Mt. 6:19; Jak. 5:8).

## Die 'toorn' van Elohim

**141** Cyrenius sê ietwat verleë: "Meester, behalwe ek het niemand U tog êrens vir iets gevra nie, en dit lyk asof U as Elohim, as my Meester en my Behoeder, om hierdie rede kwaad geword het vir my!"

[2] Ek sê: "Hoe kan jy My so verkeerd verstaan? Hoe kan Ek kwaad vir jou wees, terwyl Ek jou in alle erns en vir ewig waar laat sien wat vir julle almal en vir elke mens die mees noodsaaklike vir die lewe is? Kyk, kyk hoe gering jou beoordelingsvermoë nog is! Wanneer sal dit groot genoeg wees? Vir wie kan die suiwerste oerliefde van alle liefde in Elohim ooit kwaad word?

[3] As julle oor die toorn van Elohim lees, dan moet julle dit sien as die ewig altyd gelyke en vaste erns van Sy wil; en hierdie erns van die wil in Elohim is immers juis die binneste kern van die reinste en magtigste liefde waaruit die oneindigheid en alle werke daarin soos kuikens uit die eier voortgekom het - en dit kan tog nooit vir iemand kwaad word nie! Of dink iemand van julle dalk dat Elohim, netsoos `n dom mens, kwaad sou kon word?"

[4] Toe kom die ou owerste Stahar weereens na My toe en sê: "Meester, vergeef my as ek my hier ook `n opmerking veroorloof met betrekking tot die toorn van Elohim!

[5] As mens vas gloënde in Elohim die ou wêreldgeskiedenis bekyk, kan mens tog nie heeltemal aan die indruk ontkom dat Elohim van tyd tot tyd die mense wat te losbandig geword het, Sy toorn en Sy wraak op besonder onverbiddelik streng wyse laat voel het nie.

[6] 'Myne is die toorn en Myne is die wraak!' spreek Elohim deur die mond van die profeet. Dat dit so is, bewys die verdrywing van Adam uit die paradys, die sondvloed ten tye van Noag, die goedkeuring van die vloek van Noag oor een van sy seuns; later die ondergang van Sodom en Gomorra en die tien omliggende stede op die plek waar ons tans die Dooie See bewonder; nog later die plae van Egipte, en dié van die Israeliete in die woestyn; dan die moorddadige oorlog teen die Filistyne wat deur Elohim beveel was, die Babiloniese gevangenskap, en nou uiteindelik die totale onderwerping van die volk van Elohim deur die mag van die heidene!

[7] Meester, wie nou hierdie handelswyse van JaHWeH teen die sondaars - en wie is dít anders as ons mense – ook maar `n bietjie onder oë sien en op hom laat inwerk, kan tog onmoontlik iets anders ontdek as reëlregte toorn en ondubbelsinnige wraak van JaHWeH!

[8] Natuurlik sou mens kon sê: 'So voed Elohim met `n flinke tugroede in die hand in volle erns Sy mense en hele, groot volke op!' Maar die klappe en slae sien daar beslis nie uit asof hulle uit die hand van `n liefdevolle Vader kom nie, maar orals sien mens hierin `n ontsettend toornige, hoewel in `n bepaalde opsig uiters regverdige regter, wat met lewe en dood en met pestilensie en brand oordeel!

[9] So dink ek daaroor, dit wil sê, as die wêreldgeskiedenis ons die volle waarheid vertel; mag die hele treurige opsomming van dit wat Elohim egter veroorsaak het, slegs `n versinsel wees, dan kan dit wat mens toorn en wraak van Elohim noem, inderdaad die kern van Sy ewige en suiwere liefde wees. Ek het dit nou slegs so na vore gebring, omdat

U, o Meester, so ewe Self oor die toorn en die wraak begin het!

[10] Dit sal desondanks tog wel so wees soos U, o Meester, dit eerder gesê het; maar dit bly gewis vreemd dat wanneer Elohim se toorn in ou tye aangekondig word, die grimmigste straf ook volg as die mensdom hulle nie verbeter en egte boete doen nie, en dat sowel in die grote as in die kleine, en in die algemeen soos in die besonder, sonder enige toegeeflikheid! Wel, dit sou werklik die moeite werd wees as by hierdie geleentheid bietjie nader belig sou word hoe dit alles homself in ooreenstemming laat bring met die suiwerste liefde, sonder enige toorn of wraak!"

### Elohim se 'toorn' by Adam en Eva

**142** Ek sê: "Vriend, soos wat jy nou gepraat het oor Elohim se toorn en wraak, geregtigheid en liefde, so oordeel ook `n volslae blinde oor die harmonieuse skoonheid van die kleure van die reënboog!

[2] Het dit dan nog nie tot jou deurgedring dat al vyf boeke van Moses en al die profete, en die geskrifte van Dawid en Salomo, maar net langs die weg van innerlike, geestelike analogie begryp kan word nie?!

[3] Dink jy dan in alle erns dat Elohim vir Adam deur `n engel wat, om hom te verjaag, `n vlammende swaard as wapen in die hand dra, uit die paradys laat verdryf het? Ek sê vir jou: ook al het Adam hierdie visioen gehad, dan was dit tog maar **net `n beeld van wat eintlik in Adam self plaasgevind het**, en hoort as sodanig by die proses van sy opvoeding en by die vestiging van die eerste godsdiens en oergemeente by die mense op aarde.

[4] Op aarde is daar nêrens `n stoflike paradys waar die gebraaide visse sommer in mens se mond inswem nie, maar hy moet hulle - netsoos nou - eers vang en braai en dan eers met mate eet. As die mens egter werk en vrugte versamel wat die aarde hom skenk, en hy vir hom daardeur `n voorraad opgebou het, dan was elke aardse streek wat die mens in kultuur gebring het, `n ware aardse paradys!

[5] Wat sou daar van die mens en sy geestelike ontwikkeling tereggekom het as hy hom in `n ware paradys van niksdoen en eet oor niks hoef te bekommer het nie, en niks gehad het om voor te sorg nie; as hom so te sê die heerlikste vrugte in die mond gelê sou wees; as hy vir homself, lêend op heerlike malse gras, maar iets hoef te wens en alles sal daar gewees het, sodat hy slegs sy mond hoef te open om die lekkerste happies daarin te laat skuif? Wanneer sou die mens dan by hierdie opvoedmetode die nodige selfstandigheid verwerf het om te lewe?! Ek sê vir jou dat as die paradys so was soos wat jy dink, die mens tot op hierdie uur niks anders sou gewees het en sou geweet het as `n goed versorgde gemeste os, of `n vraatsugtige poliep op die bodem van die see nie.

[6] Wat beteken die beeld van die engel met die vlammende swaard dus? Wat sê hierdie beeld? Die mens was naak, want tot op hede het daar nog geen mens geklee in die wêreld gekom nie. Ook al hoef hy, net soos hierdie eselin hier, liggaamlik geen jeug deur te gemaak het nie, omdat hy wat sy liggaam aanbetref net so ontstaan het soos hierdie eselin, en ook al was hy meer as twaalf voet lank, en Eva nie baie minder nie, was hy tog `n kind wat betref sy oorspronklike kennis oor die gesteldheid van die aarde, en moes eers vernaamlik deur ervaring wys word.

[7] In die warm voorjaar, die somer en die herfs kon hy dit wel sonder klere uithou, maar in die winter begin hy die koue erg te voel, en in sy gevoel, wat Elohim altyd meer deur geestelike en natuurlike ingewing laat ontwaak, vra hy homself af: 'Waar is ek? Wat het daar met my gebeur? Eers was dit so aangenaam, en nou kry ek koud, en die koue winde laat my vel pyn!' Hy voel homself genoodsaak om op soek te gaan na `n windbeskutte woning, en sy liggaam te bedek met allerlei blare van die bome. Deur hierdie gedwonge besigwees word die denke aktiewer en ook weldra ordeliker.

[8] Maar hy raak ook honger, want baie bome en struike dra geen vrugte meer aan hul takke nie. Hy trek daarop uit en soek voedsel, en vind nog bome vol vrugte. Hy versamel die vrugte en bring hulle na die grot wat vir hom geskik lyk as woning. Toe gee sy hart, wat al meer ervaring opgedoen het, weer vir hom in: 'In hierdie tyd rus daar `n vloek op die aarde, en jy as mens kan slegs in die sweet van jou aangesig jou voedsel versamel!'

[9] Maar nadat die eerste mens van hierdie aarde eenmaal oorwinter het in die grot op die hoogte wat die noordoostelike deel van die Beloofde Land begrens, waartoe ook ons Galiléa behoort, het hy die tyd om tesame met sy vrou dieper oor homself na te dink. Toe kry hy ook behoefte aan meer geselskap. In `n droom word aan hom uitgelê wat hy moes doen om so `n, dit wil sê groter, samelewing te skep en daarna begin hy Kain te verwek, en al gou daarna Abel en Set.

[10] Maar dit was die vrou wat hom die eerste aanduiding gegee het vir die verwekking, want die vrou kry eerste in `n droom te siene hoe die verwekking moes plaasvind. Ons sal nie verder hierop ingaan nie, maar, vriend Stahar, Ek sê slegs vir jou: alles gaan baie natuurlik en daar gebeur niks teen die natuur nie. Tog sien Moses dat dit alles slegs in ooreenstemming met die wil van JaHWeH kon gebeur; Elohim se gees laat hom sien dat hierdie heel natuurlike leiding via opgedoene ervaringe deur My, dit wil sê deur My gees, bestuur word, en daarom plaas hy Elohim in ooreenkomstige beelde altyd naas hierdie eerste mensepaar, en verpersoonlik hy ook My invloed in die mees beknopte maar tog uiters paslike beelde, soos wat toentertyd algemeen gebruiklik was, en ook moes wees, omdat sulke beelde orals noodsaaklik was vir die leiding van die volk en van die volke.

[11] Origens spreek dit vanself dat Elohim en die engele wel geweet en ook in staat was om die eerste mensepaar in een van die vrugbaarste streke in die wêreld te vorm en te ontwikkel.

[12] Toe latere, spesiaal hiervoor toegelate natuurverskynsels die eerste mense dwing om hul eerste voedingstuin te verlaat en verder op die aarde rond te kyk, gebeur dit ook nie as gevolg van `n soort goddelike toorn nie, maar slegs uit liefde vir die mens om hom weer uit sy traaggeworde sinlikheid op te wek en hom tot werksaamheid aan te spoor, en om sy ervarings uit te brei.

[13] Toe Adam en sy vrou en sy seuns gewaar word dat daar bykans orals op die groot aarde iets te ete was, het hulle begin om groter reise te onderneem, waardeur hulle met Asië en Afrika redelik goed vertroud geraak het. Daardeur doen hulle weer allerlei ervarings op. Op verborge wyse deur Elohim se Gees gelei, kom hulle na hul eerste Eden terug en bly daar, van waaruit dan ook die bevolking van die hele aarde ontstaan het.

[14] Sê My nou eers in jou hart: Is hierin ook maar enige toorn of wraak van Elohim te ontdek?"